
# UBUNTU UITDAGING 2026







GEEN GROOT DROOM WORD ALLEEN GEBOU NIE.
BOU SAAM | SPEEL SAAM | GROEI SAAM

# DEELNEMERGIDS

## WAT IS DIE UBUNTU UITDAGING?

Welkom by die eerste **ENSÕ Ubuntu Uitdaging**! 'n Dag waar sport, kultuur, kreatiwiteit en spanwerk saamsnoer om iets groter as 'n kompetisie te skep.

Die Ubuntu Uitdaging is ENSÕ Akademie se jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid waar skole, besighede, organisasies en vriendegroepe saamspan vir 'n dag vol uitdagings, lag en spanbou. Die fokus is nie op prestasie nie, maar op samewerking, kreatiwiteit, pret en gemeenskap. Onvergeetlike oomblikke word nie in ons gemaksone gebou nie, maar dáár waar ons saam dapper is en buite die boks dink. Daarom is die Ubuntu Uitdaging gebore.

## WAT LÊ IN DIE HART VAN DIE DAG?

Dis maklik om te dink dat die uitdaging oor sport of kreatiwiteit of musiek gaan.

Maar NEE, dit is baie meer as dit! Die hart van die uitdaging lê daarin dat elke span na die dag moet wegstap met nuwe herinneringe, sterker verhoudings en die ervaring dat groot dinge gebeur wanneer mense saamwerk.

## WAAROM UBUNTU?

**"Ek is omdat ons is."**

Ubuntu herinner ons dat ons sterker is wanneer ons **saam** bou, **saam** speel en **saam** groei. Met ander woorde sport, kultuur en kreatiwiteit staan nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan en sorg vir balans. Die Ubuntu Uitdaging gaan nie oor wie die beste is nie. Dit gaan oor wat moontlik word wanneer mense mekaar ondersteun.

## WAT|WANNEER|WAAR | HOEVEEL

Saterdag 12 September 2026

09:00 tot ongeveer 15:00

Ensõ Akademie | h/v Sagelaan en Lavenderweg, Wonderboom, Pretoria

R3 500.00 inskrywingsfooi per span

Spangrootte is 6 tot 10 persone - alle ouerderdomme baie welkom

Tien uitdagings

## PRYSE

- Wenprys vir elke uitdaging
- Algehele wenners
- Ubuntu-span van die Dag (Hierdie spesiale toekenning gaan aan die span wat deur die dag die Ubuntu-gees die mooiste uitleef deur mekaar aan te moedig, saam te werk en elke spanlid te betrek.)

## DIE TIEN UITDAGINGS

**Tennis *Rally***
Werk saam om die bal so lank moontlik aan die gang te hou.

**Tafeltennis *Rally***
Kommunikasie en ritme is die sleutel tot sukses.

**Gholftjip**
Toets akkuraatheid en spanstrategie.

**Ubuntu-aflos**
'n Kombinasie van spoed, pret en spanwerk.

**Die Stem Hou Nie Op Nie**
Hoe lank kan 'n stemband hou? Geen perfekte stemme nodig nie, net entoesiasme!

**Die Dans Hou Nie Op Nie**
Lag, beweeg en wees kreatief!

**Ubuntu *Band***
Maak saam musiek. Geen vorige ervaring nodig nie.

**Ubuntu-kunswerk**
Skep saam een kunswerk. Elke persoon dra iets by.

**Die Storie Hou Nie Op Nie**
Bou saam aan een onvergeetlike storie.

**Ubuntu-spanbou**
Ses verskillende uitdagings.

## WIE KAN DEELNEEM?

- Skole
- Besighede
- Kerke
- Organisasie
- Families
- Vriendegroepe
- Enigiemand wat lus is vir 'n uitdaging ... en hope pret!

## WAT OM SAAM TE BRING

Gemaklike klere

Gemaklike skoene

Hoed of pet

Sonskerm

Waterbottel

Positiewe gesindheid

# EEN SPAN
# EEN DOEL

## INSKRYWINGS

www.ensoakademie.co.za
hoof@ensoakademie.co.za
+27 83 788 4241